# HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2018

EKSAMEN

GRAAD 11

PUNTE : 80

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

AFDELING A : BEGRIPSTOETSE


VRAAG 1

TEKS A: Koerantartikel

**Lees deur die volgende koerantartikel en beantwoord dan die vrae wat volg.**

## *Grote Griek!* 48 uur in Athene.

Geskryf deur *Bredine Kruger.*



**Athene, die stad van die Griekse gode, van marmer en van mousaka. Athene, wat op sy tyd as die hoogtepunt van die mensdom beskou is, is deesdae dikwels net 'n skakel met die idilliese Griekse eilande as eindbestemming. Maar hierdie stad bied meer as net mitologie en 'n plek om jou kop te laat rus voor jou volgende vlug.**

**Ons land vroegoggend in Athene en die eerste heuwel om te oorkom, is die rit na ons hotel. Toue en toue mense staan en wag om in 'n wurm geel taxi's te klim.**

**Die eerste bestuurder wil met ons stry oor die prys, klaarblyklik omdat ons bagasie by ons het en ná 'n paar halwe sinne in gebroke Engels besluit ons om eerder vir die volgende een te wag.**

**Dié is meer Engels magtig en heel gewillig om ons vir die voorgeskrewe tarief van €38 na ons eindbestemming te neem.**

**Dit is gelukkig die eerste en laaste taxi wat ons in Athene sou nodig kry.**

**Die meeste van die besienswaardighede in die stad is binne stapafstand van mekaar en vir dié wat buite bereik is, is daar 'n baie gerieflike *"hop on, hop off"*- bus wat baie billik is, gereeld ry en ook 'n elektroniese gids bied wat jou meer vertel oor al die afklimpunte.**

**Met 'n dagkaartjie in die hand, ry ons eers die volle roete en bekyk die stad vanaf die bus voordat ons begin afklim – 'n welkome ruskans in die stad se 36°C – hitte.**

Athene is 'n mengelmoes van hipermoderne, Victoriaanse en antieke boustyle, en die strate is versier met graffiti en pienk en wit bougainvilleas.

Die stad is lewendig en die mense min gepla deur die hitte – kiosks met yskoue water, roomysstalletjies en winkels met lugversorging is volop.

Antieke bouvalle, marmertempels, museums en parke, aangevul deur luukse hotelle en wolkekrabbers pryk oral waar jy kyk, en ek verdiep my in die kultuurryke Griekse geskiedenis.

**Marmer, marmer en nóg marmer**

Nadat ons ons voete vir 'n wyle laat rus het, durf ons die steil heuwel na die akropolis, die stad se bekendste aantrekking, aan.

Die reeks marmer strukture dateer uit die 5de eeu v.C. en is oorspronklik gebou om die godin, Athene, te eer.

Wees gewaarsku: Die skitterwit marmer is glad; dra maar 'n paar stewige skoene sodat jy nie gly terwyl jy die indrukwekkende argitektuur en 360° - uitsig oor die stad aanskou nie!

Ons volgende afklimpunt is die stadion waar die eerste moderne Olimpiese Spele in 1896 plaasgevind het.

Dis uitsluitlik van marmer gebou en 'n kunswerk op sy eie, met rye en rye wit trappies en selfs trone vir die keiser en keiserin.

Die elektroniese gids speel 'n klankgreep van hoe 'n byeenkoms doerietyd sou klink en die stadion is so goed bewaar dat jy jou regtig kan verbeel jy is dáár tussen die gladiatore in die jaar 7 n.C.

Athene is ook bekend vir sy ryk akademiese geskiedenis en ons moet eenvoudig die universiteit en die nasionale biblioteek in Griekeland besoek.

Nog skitterwit geboue, dié keer omring deur groen, gestruktureerde tuine, wag ons in.

**Interessante geure met etenstyd**

Die bus neem ons terug na die middestad en ons gaan na die gonsende Plaka-distrik met sy smal klipstrate en klein winkeltjies wat enigiets van handgemaakte keramiek tot juweliersware en klere verkoop.

Hier is honderde restaurante en die heerlike geure en vriendelike eienaars maak die keuse moeilik: Almal het een of ander taktiek om jou binne te lok – meestal gratis ouzo, 'n anys-gegeurde drankie uniek aan Griekeland.

Hoe verder jy egter stap, hoe lekkerder, goedkoper en meer Grieks raak die kos. Die restaurante aan die buitewyke maak meer voorsiening vir toeriste en hier kan jy aan burgers smul, maar moenie dat die honger die oorhand kry nie – 'n paar strate verder wag tzatziki-belaaide gyros of souvlaki.

**<u>Voetslaan deur die stad</u>**

**Ná die toeriste-aantrekkings is jou toer van Athene glad nie verby nie. 'n Dag te voet in Athene sal jou aangenaam verras met geheime wat nie per bus te sien is nie.**

**Die Agora-Athene-mark is byvoorbeeld so volop vars vis, vleis en groente, dat jy dit sal oorweeg om 'n nag langer in die selfsorgeenheid te gaan bly sodat jy kan kook. Hou net jou handsak dop, want die mark is berug vir die mense met lang vingers wat daar rondhang.**

**Die Monastiraki-vlooimark is weer net die regte plek om aandenkings en geskenke teen billike pryse te koop. Die mark maak eers om 21:00 saans sy deure toe, waarna jy op die Monastiraki-plein kan gaan kuier – dit is dié plek om te wees as jy die Griekse naglewe wil ondervind.**

**As jy egter stilte verkies, kan jy jou stapskoene aantrek en die Lycabettus-heuwel gaan uitklim, waar ongelooflike uitsigte oor Athene wag en daar ook 'n groot opelug-amfiteater is om te bekyk. Om die son om 20:30 van hier af te sien sak, en te kyk hoe dit die stad se duisende wit geboue goud verf, maak die sweterige laatmiddagstappie die moeite werd.**

(Uit: *Rapport Beleef, 7 Oktober 2018, Bl. 6 & 7)*

1.1 Aan watter drie dinge dink 'n mens dadelik as jy aan Athene dink? (3)

1.2 Athene is deesdae nie so belangrik soos baie jare gelede nie.

1.2.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? JA/NEE?

1.2.2 Haal ses opeenvolgende woorde uit paragraaf 1 aan as antwoord. (1)

1.3 Haal vier opeenvolgende woorde aan wat bewys dat daar baie mense vir taxi's gewag het. (1)

1.4 Hoe weet ons daar was 'n lang ry taxi's wat gewag het om mense op te laai? (1)

1.5 Die eerste bestuurder het met hulle oor die prys gestry.

1.5.1 Hoekom? (1)

1.5.2 Wat is die vasgestelde prys vir 'n taxi-rit? (1)

1.6 Gee een rede waarom die spreker kon sê dit was die laaste taxi-rit wat hulle in Athene sou nodig kry. (1)

1.7 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal drie opeenvolgende woorde aan om dit te bewys.,

Die gids op die bus is 'n man met jare se ondervinding. (1)

1.8 Skryf die volgende sinne oor in die regte volgorde, volgens die teks.

- Hulle het na die Plaka-distrik gegaan om iets te eet.
- Hulle het die Lycabettus-heuwel uitgeklim om die sonsondergang te sien.
- Hulle het die styl heuwel van die akropolis uitgeklim.
- Hulle het die universiteit en die biblioteek besoek. (4)

1.9 Noem twee tipe boustyle wat jy in Athene sal vind. (2)

1.10 Pas die woorde in KOLOM B by die beskrywings in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter neer as antwoord, bv. 1.10 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 Dit is binne stapafstand. | A. Die hitte. |
| 1.10.2 Dit word verlig deur yskoue water en lugverkoeling. | B. Marmer. |
| 1.10.3 Hierdie oppervlak is baie wit en glad. | C. Agora-Athene-mark. |
| 1.10.4 Hier kan jy beroof word. | D. Monastiraki-vlooimark. |
| | E. Besienswaardighede. |

(4)

1.11 Noem twee wonderlike dinge wat jy kan verwag as jy op die Lycabettus-heuwel is. (2)


[22]



TEKS B: Statistieke

**Bestudeer die statisitieke en beantwoord dan die vrae wat volg.**

# Statistieke vir plaasaanvalle



1.12 Hoeveel jaar se statistieke is hier bymekaar gesit? (1)

1.13.1 In watter provinsie is die meeste moorde aangeteken? (1)

1.13.2 Hoeveel voorvalle het in daardie provinsie voorgekom? (1)

1.14.1 In watter provinsie is die minste mense vermoor? (1)

1.14.2 Hoeveel mense is daar vermoor? (1)

1.15.1 In watter jaar het die meeste voorvalle voorgekom? (1)

1.15.2 Gee die getal voorvalle wat aangeteken is. (1)

1.16 Kies die mees gepaste antwoord. Skryf net die nommer en letter neer as antwoord, byvoorbeeld 1.16 A

Net onderkant die kaart is daar twee ...

A. tydlyne.
B. statistieke.
C. grafieke.
D. kolomme. (1)

[8]

TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

**Lees die teks hieronder deur en voer die instuksies uit.**

**INSTRUKSIES:**

- **Som die SEWE wenke op oor hoe om veilig fiets te ry.**
- **Skryf die hoofgedagtes puntsgewys neer.**
- **Nommer die hoofgedagtes van 1 tot 7.**
- **Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.**
- **Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.**

TEKS C

**RY VEILIG FIETS**

1. Gewoonlik is 'n fiets die eerste vervoermiddel waarmee mense hulself van plek tot plek vervoer. Fietse moet egter aan belangrike veiligheidstandaarde voldoen, want paaie kan gevaarlik wees.
2. Sorg dat die fiets altyd in 'n goeie toestand is, byvoorbeeld die bande en die ketting. Dit is ook noodsaaklik dat die remme doeltreffend werk.
3. Ongelukke waarin fietsryers betrokke is, vind dikwels plaas. Fietsryers behoort opleiding te ontvang om te sorg dat hulle die vaardighede en vermoë het om veilig te bly op die pad en om die verkeersreëls te gehoorsaam.
4. Fietsryers moet verseker dat motoriste hulle kan sien. Weerkaatsende klere moet gedra word wanneer dit skemer raak en die fiets moet 'n lig voor en agter hê. Handseine moet gebruik word om te wys wat jy op jou fiets gaan doen, byvoorbeeld stop of afdraai.
5. Sommige paaie is gevaarliker as ander. Fietsryers moet dus paaie vermy wat nie geskik is vir hulle nie. Vind uit watter paaie gevaarpunte is. Snelweë is verbode en moet nooit op 'n sypaadjie ry nie.
6. Kopbeserings is die oorsaak van baie fietsryers se dood; dus moet 'n fietshelm wat goed pas, altyd gedra word. Dit is 'n wetsoortreding om jou sonder 'n helm op die pad te waag. As jy dit doen, kan jy in die moeilikheid beland.
7. Al is dit dus vir fietsryers gevaarlik op die pad en al beskou motoriste hulle soms as 'n las, kan hulle hul fiets meer geniet as hulle die veiligheidsriglyne in gedagte hou en veilig ry om veilig te bly.

TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE

AFDELING C: TAALWERK

VRAAG 3: Advertensie

TEKS D

Die taalvrae wat volg is op die onderstaande advertensie gebaseer. Volg die instruksies.




3.1 Wat het die adverteerders gedoen om te beklemtoon dat die "Hebal lean" produk net natuurlike produkte bevat? (1)

3.2 Wie is die teikenmark vir hierdie advertensie? (1)

3.3 Kies die mees gepaste antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord.

"kJ- beperkte dieet" beteken ...

A. krimp Jou
B. kilo Joule
C. ken Jou
D. kry Jammer (1)

3.4 Verander die volgende STELSIN in 'n VRAAGSIN.

Jy kan gewig verloor op die gesonde manier. (1)

3.5 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNING.

Doen dit op die gesonde manier! (1)

3.6 Verduidelik waarom die sin:"Doen dit op die gesonde manier" twee maal herhaal word. (1)

3.7 Vul die ontbrekende PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in die oop spasie in. Skryf net die nommer en die letter neer.

Jy moet _____ liggaam gesond hou. (1)

3.8 Watter nommer moet jy skakel om in kontak met die verspreiders te kom? (1)


3.9 Watter twee dinge word genoem wat die meeste mense in 'n dieet wil hê? (2)

[10]

VRAAG 4: Strokiesprent

TEKS E

- Die taalvrae wat volg is op die onderstaande strokiesprent gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




4.1 Hoe kan ons aan Lois se gesig sien dat sy nie gelukkig is nie? (1)

4.2 Watter leestekens word gebruik om te beklemtoon dat Lois ontsteld is wanneer sy praat? (1)

4.3 As Superman se "ontwakingsdatum" 2062 is, in watter jaar het hy dan aan die slaap geraak? (1)

4.4 Skryf die volgende sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Hercules (trou, in die modderkerkie, wil, sommer gou, met Lois). (1)

4.5 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF. Begin soos aangedui.

Superman moet binnekort wakker word om Lois te red.

Begin so: Superman behoort ... (1)

4.6 Vul die OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING in die oop spasie in. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Hercules lyk die (tevrede) van die drie mense. (1)

4.7 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Maar ek kan die towerkrag breek en ek sal hom wakkermaak. (1)

4.8 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies. Skryf albei sinne oor.

Lois wil Superman weer wakker kry. Sy stem in om met Hercules te trou. (daarom) (1)

4.9 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woorde in hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

Superman is (baie vinnig) as hy deur die lug vlieg. (1)

4.10 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Ek dink as Superman wakker word, sal Lois _____ Hercules skei. (1)

[10]

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

**TEKS F**

- Die taalvrae wat volg is op die onderstaande artikel gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## SOETE WAARHEID

Ai, suiker is so lekker, maar tog so sleg vir ons. Te veel daarvan laat die 5.1 (kilogram) opstapel en is boonop sleg vir jou tande. 5.2 (Maar dis moelik om soetgoed te laat staan), want dit smaak dan so heerlik.

En dis ook nie asof jy suiker kan vermy deur net soetgoed uit te skakel nie, want 5.3 (suiker is oral in mayonnaise blatjang slaaisous selfs kos wat gesond klink) soos jogurt, muesli en gegeurde water.

Maar wetenskaplikes verkondig ál meer die boodskap: Suiker beduiwel jou gesondheid.

Nog 'n stem wat nou teen die gebruik van suiker opklink, is dié van die vooraanstaande Britse kardioloog, 5.4 (dr.) Aseem Malholtra, wat self aanvanklik 'n dieet met baie koolhidrate - suiker is 'n natuurlike koolhidraat - gevolg het.

"Versoete ontbytgraan, roosterbrood en lemoensap vir ontbyt, 'n broodjie vir middagete en pasta vir aandete was nie vir my ongewoon nie," skryf Aseem op sy webtuiste. Hy is 'n toegewyde sportman en 5.5 (hy het <u>koolhidrate</u> voorheen as "goeie brandstof" beskou.)

Maar agt jaar gelede toe 'n pasiënt kla hy kry 'n burger en tjips om te eet net ná 'n operasie om 5.6 ('n geblokkeerde slagaar te herstel), het die dokter besluit om die verband tussen voeding en gesondheid van nader te beskou.

Wat hy toe geleer het, het alles wat hy in daardie stadium geglo het op sy kop gekeer. "Ek het wyd gelees oor navorsing in dié verband en tot die gevolgtrekking gekom dat eenvoudige leefstyfveranderings, soos om minder suiker in te neem, kragtiger is as enige medikasie wat dokters kan voorskryf.

**(UIT: *Huisgenoot*, 12 Julie 2018, bl. 44)**

5.1 Gee die MEERVOUD van die woord in hakies. Skryf die nommer en antwoord neer.

Te veel daarvan laat die (kilogram) opstapel. (1)

5.2 Verbeter die SPELLING in die onderstaande sin. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Maar dis moelik om soetgoed te laat staan. (1)

5.3 Vul die LEES-EN-SKRYFTEKENS in die volgende sin in. Skryf die sin oor.

suiker is oral in mayonnaise blatjang slaaisous selfs in kos wat gesond klink (1)

5.4 Skryf die AFKORTING in die volgende sin voluit neer. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die Britse kardioloog, dr. Aseem Malhotra, het self baie koolhidrate ingeneem. (1)

5.5 STEL DIE VRAAG sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

Hy het <u>koolhidrate</u> voorheen as "goeie brandstof" beskou. (1)

5.6 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Die spesialis het 'n geblokkeerde slagaar suksesvol herstel. (1)

5.7 Gee 'n ANTONIEM vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Jy moet (aanhou) om so baie suiker in te neem. (1)

5.8 Kies die KORREKTE WOORD om die sin te voltooi. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Hy het (help/hulp) aangebied om ons gesondheid te verbeter. (1)

5.9 Gee EEN WOORD VIR BAIE om die volgende sin korrek te voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

(Mense wat in Suid-Afrika woon) neem te veel suiker in. (1)

5.10 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Aseem sê: "Ek hou my liggaam gesond." (1)

5.11 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF. Begin soos aangedui.

Ons moet die verband tussen voeding en gesondheid van nader beskou.

Begin so: Ons hoef ..... (1)

5.12 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Aseem kan ons almal leer om gesonder te eet. (1)

TEKS G

- Die taalvrae wat volg is op die onderstaande prent en paragraaf gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




| | |
|---|---|
| Die kind aan die linkerkant is 5.13 (so slim soos 'n ...).<br>Die 5.14 (onderwyser) is baie kwaai.<br><br>Die arme kind aan die regterkant het 'n 5.15 klein (doring) in sy voet. | 5.13 Voltooi die vergelyking. Skryf net die nommer en antwoord neer. (1)<br>5.14 Gee die teenoorgestelde geslag. Skryf net die nommer en antwoord neer. (1)<br>5.15 Gee die verkleinwoord. Skryf net nommer en antwoord neer. (1) |

| | |
|---|---|
| Die juffrou het die werk 5.16 _____ die bord geskryf. | 5.16 Gee die korrekte voorsetsel. Skryf net die nommer en antwoord neer. (1) |
| Linda het verlede jaar 5.17 (1e) in die klas gestaan. | 5.17 Gee die korrekte rangtelwoord. Skryf net die nommer en antwoord. (1) |
| Bennie weet nie 5.18 (how) om die werk te doen nie. | 5.18 Vertaal die woord in Afrikaans. Skryf net die nommer en antwoord neer. (1) |
| Die stoel 5.19 (wat+op) Bennie sit, is gekraak. | 5.19 Skryf die betreklike voornaamwoord korrek neer. Skryf net die nommer en antwoord neer. (1) |
| Die kinders leer ook van die 5.20 (VSA). | 5.20 Skryf die afkorting voluit neer. Skryf net die nommer en die antwoord neer. (1) |

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40 PUNTE

GROOTTOTAAL: 80 PUNTE